

# 1

## **DANIËL IN DIE LEEUKUIL** God se kinders bly lief vir Hom

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders leer dat ons te alle tye, selfs in moeilike omstandighede, lief moet bly vir God.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet –

- die verhaal van Daniël in die leeukuil ken.
- besef dat Daniël liever vir God was as vir enige iets anders in sy lewe.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- erken dat God belangriker is as enigiets anders in hul lewens.
- lief wees vir God.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- hul liefde vir God openlik wys deur kerk toe te gaan en volgens sy reëls te leef.
- in staat wees om die hoofmomente van die verhaal weer te gee.
- met hul ouers gesels oor voorbeelde in hul ouers se lewens, waar hulle moes kies tussen gehoorsaamheid aan God of gehoorsaamheid aan iets of iemand anders.

### **MEER INLIGTING (Daniël 6)**

Daniël was 'n baie goeie man. Hy was baie lief vir die Here. Hy het elke dag drie keer op sy knieë gaan staan en dan gebid.

Daniël en sy vriende is na 'n oorlog deur 'n vreemde koning weggevat na sy land toe om vir hom te werk. So het hulle in 'n vreemde land gebly, nie in hul eie land nie. Die vreemde land

was Babilonië. In Babilonië het die mense nie in die Here geglo nie. Daniël en sy vriende het baie hard gewerk en die koning het van hulle gehou.

Omdat die koning so baie van hulle gehou het, was party mense jaloers op hulle. So jaloers en kwaad dat hulle 'n vreeslike ding gedoen het. Hulle het besluit hulle gaan Daniël doodmaak.

Hulle kom toe bymekaar en sê: *Ons wil vir Daniël doodmaak, maar die koning sal dit nie toelaat nie. Nou moet ons baie slim wees. Ons moet 'n plan maak sodat die koning nie sal weet dit is ons wat hom doodgemaak het nie.*

Toe sê een van die manne: *Ek het 'n slim plan. As die plan werk, sal dit lyk of die koning self vir Daniël laat doodmaak het. Die ander sê toe: Dit klink goed. Vertel vir ons wat jou plan is.*

*Dit is my plan, sê hy. Ons vra die koning om 'n nuwe wet te maak. Die wet moet sê: "Van nou af moet almal in die land die koning aanbid. Niemand mag meer vir God aanbid nie. As iemand kniel en God aanbid, moet hy in die leeuuil gegooi word".*

Ai, maar die manne was skelm, want hulle het geweet dat Daniël elke dag drie keer bid. Hy het voor die oop venster gebid en almal kon hom sien. Hulle het ook geweet hy gaan nooit ophou om te bid nie. As hulle hom nou weer sien bid, sal hy in die leeuuil gegooi word en sal die leeus hom opvreet!

Weet julle wat 'n leeuuil is? Dit is amper soos 'n hok waarin daar leeus is, maar die hok was 'n grot in 'n berg, of 'n groot, diep gat in die grond. Sjoue, dit is 'n gevaarlike plek. Daardie leeus is honger en hulle het groot tande. Hulle lê en wag om iemand op te vreet!

Hierdie manne het toe na die koning toe gegaan. Hy het nie geweet wat hul plan is nie. Toe sê hy: *Dit klink na 'n goeie plan. Ek sal die wet maak. Van nou af mag niemand meer 'n ander god aanbid nie. Hulle mag net vir my aanbid.*

Toe Daniël se vriende dit hoor, was hulle baie bekommerd. Hulle vra toe vir hom: *Wat gaan jy nou doen, Daniël? Jy kan nou nie meer elke dag bid nie.*

Maar Daniël het gesê: *Ek sal die koning nooit aanbid nie. Ons mag net vir God aanbid, geen ander gode of mense nie. Ons mag ook nie aan God ongehoorsaam wees net omdat ons bang is vir ander mense nie. Ek gaan steeds elke dag bid.*

Toe gaan Daniël na sy kamer toe en daar voor die oop venster, waar almal hom kon sien, staan hy op sy knieë en hy bid. Die manne wat hom wou doodmaak, het daar gesit en wag. Vinnig hardloop hulle en gaan roep die soldate: *Vang vir Daniël en sleep hom na die koning toe.*

Toe vertel hulle vir die koning wat Daniël gedoen het. Die koning was baie hartseer, want hy het baie van Daniël gehou. Hy sê vir Daniël: *Daniël, ek is so jammer, my vriend. Ek moet jou nou in die leeuuil gooi. Ek wil dit nie doen nie, maar jy het die wet oortree. Hoekom het jy tog voor die venster gebid?*

Toe sê Daniël: *O Koning, julle kan my maar ingooi. Ek sal nooit ophou om my God te aanbid nie. Maar ek is ook nie bang vir die leeus nie. God sal my beskerm.*

*Ai Daniël, ek hoop jy is reg, sê die koning. Maar hoe kan jou God jou beskerm? Ons kan Hom dan nie eens sien nie!*

*Toe sê Daniël vir die koning: Ek weet God is by my, al kan ek Hom nie sien nie. Doen wat jy moet doen, o Koning.*

*Ek is jammer, Daniël, sê die koning. Soldate, vat vir Daniël en gooi hom in die leeukuil. Rol dan 'n klip voor die ingang, sodat hy nie kan uitkom nie.*

Daar gryp hulle vir Daniël en gooi hom in die leeukuil. Die honger leeus brul dat die aarde bewe... en dan is dit stil. Hartseer gaan die koning terug paleis toe.

Vroeg die volgende oggend kom die koning weer na die leeukuil toe. Hy gaan staan voor die leeukuil en roep na Daniël. *Daniël, Daniël, jy wat die lewende God dien. Lewe jy nog? Het jou God jou van die leeus gered?*

Toe gebeur daar 'n wonderlike ding. Daniël antwoord die koning. Daniël lewe nog! Hy roep daar uit die leeukuil uit: *Mag die koning baie lank lewe. Ja Koning, ek leef nog. Mag ek nou maar uitkom?*

*Daniël, jy leef! roep die koning. Ek is so bly. Wagte, rol weg die klip en laat Daniël uitkom. Ek is so bly jy lewe. Hoe het jy dit reggekry om te lewe tussen die wrede leeus?*

Daniël kom uit en sê vir die koning: *My God het sy engele gestuur om die leeus se bekke te sluit. Toe kon hulle my nie eet nie. Hier is nie eens 'n merkie aan my nie! God het my gered, want Hy weet dat ek niks verkeerd gedoen het nie, u Majesteit.*

*Ek is so bly, Daniël, want ek wou jou nie doodmaak nie, sê die koning. Daardie klomp slegte mense het my met 'n slim plan gevang. Maar weet jy wat gaan ek nou doen? Ek gaan hulle nou vir die leeus gooi. Dan sal hulle nooit weer mense wil doodmaak net omdat hulle jaloers is nie. Kom, Daniël, niemand sal jou weer probeer doodmaak nie.*

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- **Lees heel eerste SO WERK DIE KATEGESE voor in die boek.**
- 'n Papierbord vir elke kind.
- Geel of oranje kreukelpapier.
- Wit karton vir ore.
- Pypskoonmakers vir snorbaard.
- Swart karton vir neus (opsioneel).
- Gom.
- Skêr.
- Swart viltpen.
- Stukkie tou vir elke kind, lank genoeg om om sy of haar kop te kom.

**Belangrik:**

- Daar moet altyd met elke les 'n Bybel in die klas wees.
- Indien jy 'n lied wil laat sing, moet die kinders die woorde ken – onthou dat hulle nog nie eintlik kan lees nie.

**KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

**VANDAG LEER ONS****BEGIN SO**

Voer 'n inleidende gesprek oor leeus, veral rondom die feit dat hulle so gevaarlik is. Voer die gesprek aan die hand van vrae soos die volgende:

- Wie van julle het al 'n leeu gesien, 'n regte leeu?
- Waar het julle hom gesien? Vertel bietjie vir die klas hoe die leeu gelyk het.
- Is julle bang vir 'n leeu?
- Sal jy saam met 'n leeu in 'n hok klim?

**IETS INTERESSANT**

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Daniël in die leeukuil. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word.

**IETS BELANGRIK**

Laat die kinders na die prent in hul boeke kyk en dan die hoofmomente van die verhaal noem, aan die hand van die volgende vrae:

- Wat was hierdie man wat in die leeukuil gegooi is se naam? (*Daniël.*)
- Hoe lief was hy vir God? (*So lief dat hy eerder sou doodgaan as om ongehoorsaam aan God te wees.*)
- Hoekom is hy in die leeukuil gegooi? (*Omdat hy aangehou het om God te aanbid.*)
- Hoekom het die leeus hom nie doodgebyt nie? (*Engele het die leeus se bekke kom sluit.*)
- Hoe kan jy wys dat jy net so lief is vir die Here? (*Gesels oor 'n paar voorbeelde van gehoorsaamheid aan God, soos om gereeld kerk toe te gaan, al is jy nie altyd lus nie.*)

**IETS OM TE DOEN**

Die kinders maak elkeen 'n masker met 'n leeugesig.

- Vou 'n repie kreukelpapier dubbel en sny 'n saagtandpatroon.
- Plak die papier dan rondom aan die buitekant van die bord as maanhare.
- Sny die twee ore en plak dit aan die bord.
- Teken die oë, neus en mond.
- Alternatiewelik, sny die neus uit die swart karton en plak dit aan die bord.
- Plak die pypskoonmakers as snorbaarde.

- Maak twee gaatjies aan weerskante en bind 'n toutjie vas, sodat die masker gedra kan word.

## BY DIE HUIS

### Doen

- Laat hulle vir iemand gaan vertel van Daniël in die leeukuil.
- Laat hulle met hul ouers gaan gesels oor hoe hulle kan wys dat hulle ook so lief is vir die Here.

### Leer

- Laat hulle die volgende feite gaan leer:
  - Daniël is in die leeukuil gegooi.
  - Daniël was so lief vir die Here dat hy eerder sou doodgaan as om ongehoorsaam aan Hom te wees.
  - Daniël is in die leeukuil gegooi omdat hy aangehou het om God te aanbid.
  - Die leeus het hom nie doodgebyt nie, want engele het die leeus se bekke kom sluit.
  - Ek wys ook dat ek lief is vir die Here as ek gereeld kerk toe gaan, gehoorsaam is aan my ouers, ensovoorts.
- Laat hulle die volgende gebed (Gesang 538: 2) gaan leer:

*O Here, maak ons harte rein,  
beskerm, bewaar ons – ons is klein.  
Maak ons in liefde sterk en groot,  
maak ons getrou tot in die dood.  
Amen.*

## AFSLUITING

Sluit af deur die woorde van Gesang 538: 2 te bid:

*O Here, maak ons harte rein,  
beskerm, bewaar ons – ons is klein.  
Maak ons in liefde sterk en groot,  
maak ons getrou tot in die dood.  
Amen.*

### Belangrik:

Reël betyds wie volgende week se faseles aanbied.

